

## Praktiese liefde maak al die verskil in verhoudings Matteus 7:7-12

<sup>7</sup>“Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, <sup>8</sup>want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

<sup>9</sup>“Watter mens onder julle sal vir sy seun ’n klip gee as hy brood vra, <sup>10</sup>of ’n slang as hy vis vra? <sup>11</sup>As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

<sup>12</sup>“Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.”

- Kernbeginsel = vers 12
- Negatief is geen bewys van liefde nie (eerder selfsug, vrees, humanisties )
- Jesus vra meer: positief
- *wat sou ek graag wou hê as ek in hierdie persoon se skoene sou staan, doen dit dan vir hom!*

### **3 redes waarom kinders van God hierdie praktiese liefde uitleef:**

#### **1 Die wil van God vereis dit (12b)**

#### **2 Die belofte van God vereis dit (7,8)**

#### **3 Die aard (voorbeeld) van God vereis dit (9-11)**

- vgl ook Mat 5:43-48; Ef 5:1,2a

| Saam-praat  |
|---|
| 1 Hoe groot dink jy is die behoefte aan praktiese liefde vandag ?   |
| 2 Hoe help die kernbeginsel van vers 12 jou om praktiese liefde uit te leef ?                                   |
| 3 Hoekom dink jy is die gedeelte oor gebed (7-11) gekoppel aan vers 12 ?  |
| 4 Deel met mekaar ‘n paar praktiese situasies in jul lewe waar dit vir jul moeilik was om prakties lief te hê ? |